

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 34

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Goeie Vrydag

Jesus in boeie. Jesus bespot. Jesus geysel. Jesus met dorings gekroon. Jesus met spykers deur hande en voete aan die kruishout vasgepen. Jesus van God verlate. Jesus in die dieptes van die hel. Jesus gestorwe en begrawe.

Vir jou. Vir my. Vir elkeen wat in Hom glo.

Om ons van die toorn van God te verlos. Om ons skuld met sy bloed te bedek. Dit het Jesus vir ons gedoen. Wat verlang Hy van jou en my? Dat ons ons kruis sal opneem en Hom volg.

Paassondag

Die Here het waarlik opgestaan!

En het aan Simon verskyn!

So het die eerste Christene mekaar altyd op Paassondag begroet.

Paassondag — Sondag van die grootste goddelike wonder,
skarnier waarop die deur van die wêreldgeskiedenis gedraai het.

Nou is die dood oorwin.

Nou gaan almal wat in Christus glo, ewig lewe.

Dit het Jesus self belowe: “Ek is die opstanding en die lewe;

Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot ewigheid nie.”

Glo jy dit?

Gebed

Nou bid ek U, God van alle genade, om neer te daal in my siel wat U vir die ontmoeting met U toeberei het deur die verlange wat U daarin gewerk het.

Want voordat ek tot U geroep het, het U, genaderyke, my geroep en gesoek sodat ek U sou vind, en as ek U gevind het, U sou liefhê.

Versterk my verlange, en gee my wat ek begeer.

Kyk, ek het U lief, maar veel te weinig.

Maak my liefde sterk.

Wanneer my gees hom tot U verhef en in u onuitspreeklike goedheid hom verdiep, dan is die las van die liggaam minder swaar, die onrus van die gedagtes word gestil, en die boeie van die sterflikheid is minder knellend.

Dan sal my siel vleuels kry en opstyg tot u heerlike troon waar dit vervul sal word met die vernuwende verkwikking wat die deel is van die burgers van die hemelryk.

Amen.

Augustinus

Wat gebeur na die Dood

Die venster verdof voor sy oë tot 'n glimmende vlak.

Dan word die lig in sy oë uitgedoof. Daar kom 'n vrede oor die moeë gelaat. Die spiere verslap heeltemal. Die asemhaling raak weg. Dis verby.

So het ek hulle gesien... die sterwendes... kindertjies van 'n paar dae oud... kleuters... jongmense... manne en vroue in die fleur van hulle lewe en grysaards wat afgeleef lankal huiwer op die drumpel van die ewigheid.

Wat gebeur daar na die dood? Dis 'n misterie waarvan ons weinig weet. Die Woord van God laat sy ligglanse ook in die skag van die dood inskyn.

Die siel.

Die siel van 'n mens wat in Jesus Christus glo, gaan dadelik na sy dood na Jesus Christus.

Jesus het opgevaar na die hemel. Daar is Hy in heerlijkheid. Daarheen gaan die siele van sy gelowiges na hul dood... dadelik. Die Bybel laat ons vermoed dat Jesus sy engele uitstuur om die siel te kom haal. Wonder van die sterfkamer dat engele die skemerdieptes van die doodsuur indring en uit ons midde 'n siel kom weghaal; dadelik na Jesus toe.

Meermale het sterwendes dan ook al gesê: Ek het nooit geweet dat dit so heerlijk is om te sterwe nie. Ander het gesê dat hulle geen doodsrees ken nie. 'n Volgende het gesê: hierdie is die mooiste bladsy van my lewensboek. Sterfbedwoorde is eerlike woorde. Niemand sal op die sterfbed nog leuens vertel nie. Getuienisse soos hierdie het ek deur baie jare by meer as een sterfbed gehoor.

Die liggaam.

Die liggaam word in die aarde weggeleë. Daar vergaan dit tot stof. Na veertig, vyftig jaar bly daar van die geraamte nie eens meer stofstrepies oor nie.

Die Woord van God sê dat dieselfde liggaam van my een maal deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die verheerlikte liggaam van Christus gelyk gemaak sal word... om God ewig te loof en te prys... dieselfde liggaam van my deur die krag van Christus opgewek.

Wanneer Jesus een maal as Regter op die wolke verskyn, sal sy engele met groot basuingeskal die grafte oproep. Die dode sal daaruit opstaan en die see sal sy dode gee. Selfs die wat deur diere verteer is of deur vuur verbrand is, sal opgewek word.

Wonder van Goddelike almag.

Kom, Here Jesus, kom gou!

JESUS CHRISTUS, 'N HISTORIESE PERSOON

Daar is baie mense wat wil voorgee dat Jesus Christus slegs 'n legendariese figuur is en dat daar nooit so 'n persoon op aarde was nie. Volgens hulle moet Jesus slegs as 'n idee of 'n simbool verstaan word. Teenoor hierdie waanwysheid staan die mededelings *binne* en *buite* die Bybel waardeur God ons wil verseker van die werklikheid van Jesus.

Alhoewel die gegewens buite die Bybel omtrent Jesus skaars is, word dit tog wel gevind, So het *Tacitus*, 'n Romeinse geskiedskrywer wat van ongeveer 54 tot 117 n.C. geleef het, in sy boek "*Annales*" geskryf dat Christus onder die regering van keiser Tiberius deur die goewerneur Pontius Pilatus tereggestel is. Ook het die Joodse geskiedskrywer, *Flavius Josephus* (37-100 n.C.), 'n paar keer in sy geskrifte van Jesus melding gemaak.

Veel belangriker as hierdie gegewens is die mededelings in die Bybel self aangaande Jesus.

In Mat. 18:16 lees ons dat Christus gesê het dat in die mond van *twee* of *drie* getuies elke woord sal vasstaan. Om ons swakke en twyfelende mense werklik te verseker van die bestaan van Jesus, het God in die vier evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes aan ons *vier* afsonderlike getuies van Jesus en sy doen en late gegee.

Van hierdie vier was *MATTEUS* en *JOHANNES* vir drie jaar lank oog- en oorgetuies van Jesus en sy handeling.

Johannes verseker ons plegtig: "*Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe — en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is — wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle...*" (1 Joh. 1:1-3). Dit is asof Johannes hier nie genoeg woorde kan vind om ons te verseker dat wat hy ons meedeel aangaande Christus geen selfgemaakte stories is nie, maar werklike historiese feite.

So ver bekend het *MARKUS* aan ons, in die evangelie wat hy geskryf het, die prediking van Petrus meegedeel. Petrus was ook 'n dissipel van Christus en derhalwe oor- en ooggetuie van sy doen en late; net soos Johannes en Matteus. Bowendien verseker Petrus ons ook van die historisiteit van Jesus as hy sê: "*Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit.*" (2 Pet. 1:16)

Wat *LUKAS* betref: hy was geen apostel nie en dus, in 'n sekere sin, 'n buitestaander. As hy op hoogte van sake omtrent Jesus wou kom, moes hy behoorlik ondersoek ingestel en navorsing gedoen het. Dit het hy ook inderdaad gedoen. Hy skryf aan die begin van sy evangelie soos volg: "*Aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is, soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het, het ek ook goedgegind, hooggeagte Theofilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.*" (Luk. 1:1-4).

Waar ons nou vier sulke getuies aangaande Christus het en waar die ander skrywers van die Nuwe Testament voortdurend van Christus spreek en waar dit duidelik is dat al die Ou-Testamentiese profesieë aangaande Christus in Hom vervul is, daar *moet* ons glo dat Hy nie maar 'n legendariese figuur is nie, maar werklik 'n historiese persoon.

Wie teenoor al hierdie getuïenisse nog die historisiteit van Jesus Christus loën, is net so dwaas soos iemand wat iets met sy eie oë aanskou en tog weier om te glo wat hy sien. Vir so 'n persoon moet Napoleon Bonaparte, Jan van Riebeeck en Paul Kruger ook legendariese figure wees.

P. J. de Bruyn.

WIE SAL ONS SKEI VAN DIE LIEFDE VAN CHRISTUS?

God is liefde. In Jesus Christus het Hy sy liefdevolle Vaderhart vir ons oopgemaak. Vanuit Jesus stroom deur sy Heilige Gees die liefde van God oor ons lewe heen, maar die liefde is altyd, wanneer dit op sy sterkste is, baie teer.

Die liefde is soos die dou. Dit bring oornag, as dit stil is, sy laafnis oor die dorheid, maar as die gloed van die son verskyn, verdwyn die dou. Is dit met die liefde ook so? Kan die liefde van God wat ons vanuit Jesus Christus toestroom, ook deur iets gekeer word? Dit is 'n belangrike vraag.

Een van die kernvraagstukke waarmee ons in ons lewe te kampe kry. As die teleurstellings kom, as alles in ons lewe misloop, as daar geldelike teëslae kom, as die oes op die land verdor of deur die hael verslaan word, as daar 'n lang siekbed in ons woning kom, die rekeninge van die geneeshere, aptekers en hospitaal die hoogte inskiet, as die dood kom en uit ons huis wegroef juis die ene wat vir ons onmisbaar was, as... ja, wat kan nie alles met ons gebeur nie! Hoe wondbaar is ons! So kan u die lewensvrae maar vermenigvuldig.

Is die liefde van God dan nog by ons? Wat is gewoonlik ons eerste reaksie? Ons is meteens bang dat ons van God verlate is. Wat sê God hiervan? Niks kan julle van my liefde skei. (Rom. 8:35). Die betekenis van hierdie woorde is geweldig.

Wat ons ook al mag oorkom, in hierdie geloof moet ons standvastig bly. God wat ons eenmaal deur sy liefde aangeneem het, sal ons enduit liefhê. Die wolke verduister tydelik die lig van die son, maar agter die wolke skyn die son nog altyd. Deur die newels heen moet ons gebed, gedra op die vleuels van die geloof, hom opwaarts verhef na die lig van God se aangesig.

U wat gebuk gaan onder swaar laste, u wat soveel in die lewe verloor het, u wat deur lang, innerlike lyde sover gekom het dat u geen raad meer weet nie, u wat deur angste en sorge gekwel word, kom na Jesus Christus. In Hom lê die antwoord gereed op al u lewensvrae.

Kom en oortuig uself dat niks ons van sy liefde kan skei nie. Geen dood of lewe, geen hoogte of diepte, geen tyd of ewigheid. Niks kan ons van sy liefde skei nie. Kom.

Die ergste hartkwaal

Statistiek het dit bewys dat hartkwale vandag die hoogste sterftesyfer tot gevolg het. Trombose, kroonaarverstoping, hartversaking; dis almal terme wat daaglik die vrees in ons wakkermaak.

Kom jy in die hospitaal, tref jy hulle daar aan. Moeë uitdrukking op die gesig, 'n pyntrek in die oë. Soms 'n moedeloosheid wat tasbaar uit die hele wese uitstraal, omdat die pasiënt weet dat hy sy eerste waarskuwing gehad het; die tweede of derde mag fataal wees.

Talle manne, in die krag van hul lewe, word meedoënloos neergevel. Wie sal die tragedie peil? Die droefheid beskrywe? Dis 'n hartkwaal — bedreiging van ons aardse geluk.

Die ergste.

Daar is 'n kwaal wat veel erger is as die hartkwaal wat hierbo genoem is. Dis nie 'n liggaamlike kwaal nie. Dis 'n geestelike kwaal. Dis die kwaal van 'n gedeelde hart.

In die Bybel lees ons hiervan. Israel wat op twee gedagtes hink en nie kan besluit of die HERE God of Baal is nie. Goewerneur Felix wat die evangelie van Jesus Christus uit die mond van Paulus verneem, het baie bang word en geantwoord: “Gaan vir hierdie keer heen, en as ek geleentheid vind, sal ek jou laat roep.” Koning Agrippa wat op Paulus se vraag of hy glo, antwoord: “Jy beweeg my amper om 'n Christen te word.”

Dit is die ergste vorm van hartkwaal. Die gedeelde hart. Die hart wat nie tot die besliste keuse kan kom nie. Die hart wat op twee gedagtes hink tussen God en Satan, Christus en die duiwel, die kerk en die wêreld.

Het u só 'n hart? Dan sal u weet hoe 'n mens innerlik deur twyfel verteer word! Die las daarvan word op die lange duur te veel. Die doel van hierdie eenvoudige artikeltjie is om vir u te sê: Kies. Kies finaal. Kies vandag nog. As die HERE God is, volg Hom, en as dit Baal is, volg hom.

Moet terwille van die saligheid van u siel nie langer uitstel nie, want Jesus het gesê: Wie nie vir My is nie, is teen My. Sien u kans om die Regter van hemel en aarde tegemoet te gaan terwyl u diep in u siel weet: ek is teen HOM? Kies nou en dien die HERE met blydskap.

Môre mag dit vir ewig te laat wees.

Die asem van die Here en die Woord van God

Die asem van die Here en die Woord van God! Dit is twee magte wat op die akker van die mensheid werksaam is. God blaas oor die mensheid; Hy laat sy Woord uitgaan in die wêreld... deur die eeue, elke dag en die gevolg is duidelik merkbaar.

Jesaja en Dawid laat ons 'n natuurtoneel sien. (Jes. 40:6-8, Ps. 103:15, 16) Dis 'n lieflike toneel van grasryke weivelde in milde groen. Soos 'n tapyt. Die hand van God het dit gewef met 'n patroon van blomme daarop uitgestik.

O, ALMAL WAT DORS HET. . .

Het u dors?

Is u lewe 'n dor en uitgedroogde land?

Smag u siel na laafnis?

Ons weet waar u water kan vind.

Lewende water.

Wil u dit hê?

Skakel vandag nog u naaste Gereformeerde predikant.

Gaan na hom toe, of vra hom om u te kom besoek.

Hy sal u wys waar om lewende water te vind.

Water waarvan die Seun van God self

beloof het: Elkeen wat drink van die

water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie . . . (Joh. 4:14).

O, almal wat dors het, kom na die waters!

Weldra verander dit as die sirokko, die woestynwind, die skroeiwind van Palestina, daaroor heenblaas. Dit word dof, die gras word vaal, die blomme verlep. Die skoonheid raak verlore.

Dis die beeld van die mensewêreld.

So sien ons hom in die skoonheid van die jeug — soos 'n blom van die veld so bloei hy.

So sien ons hom in die krag van sy lewensjare,

met al die heerlike gawes en talente wat God aan hom gegee het.

Weldra kom die afgang. Die spore van die tyd word al meer en meer sigbaar: die merke van kommer, stryd en siekte; die vaalheid van die ouderdom. Dan knak die steel. Die lewe is verby.

So is u ook ten opsigte van die mensheidslewe in die algemeen. 'n Blik oor die eeue van die geskiedenis vertoon dieselfde beeld. Koninkryke het opgekom met prag en luister.

Beskawings en kulture het die eeue verduur, maar wat het daarvan geword? Wat sien ons in Egipte, Babel, Athene en Rome: rûines — herinneringe aan die grootheid en heerlikheid van mense wat was. Dis verby.

Sien ons nie ook dieselfde proses in die Wes-Europese beskawing en natuur van ons tyd nie? 'n Troostelose wêreldbeeld. "Voorwaar die volk is gras." (Jes. 40:7).

Dis die asem van die Here wat blaas oor die wêreld. Die mens met al sy heerlikheid in kuns, kultuur en wetenskap lê onder die vloek van die sonde. Die magte van die dood en die verganklikheid werk in hierdie wêreld!

"Maar die Woord van onse God hou stand in ewigheid." (Jes. 40:8). Wat 'n blye uitroep! Dit spreek van hoop en verwagting in hierdie wêreld met al sy troosteloosheid. Dit spreek van die triomf oor die verganklikheid van die tyd. Dit spreek van die ewig onveranderlike te midde van die kortstondigheid en die wisselinge van die lewe. Dis die triomf van die lewe oor die dood!

Ja waarlik, oor hierdie wêreld blaas daar nie net die asem van die Here wat die dood bring nie. Daar is nie net doodsmagte aan die werk nie. God stuur ook sy Woord uit oor hierdie wêreld

en dit bring lewe, nuwe lewe in dooie harte. God se Gees werk deur sy Woord. Die profeet Esegïel moes die Woord van God uitspreek oor die laagte van doodsbeendere. Toe het daar lewe gekom. (Eseg. 37).

"Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Woord van God wat tot in ewigheid bly."(1 Petr. 1:23).

Die asem van die Here bring die dood. Die Woord van onse God bring die lewe. Deur die Woord van God wat oor die wêreld heengaan deur Bybelverspreiding, oor die radio en in geskrif, kom Jesus Christus ook na jou toe. Vir jou wat nou hier lees, sê Hy:

"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy gesterwe, en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." (Joh. 11:25).

J. L V.

NET VIR SONDAARS SOOS JY EN EK

Hierdie artikel is net vir sondaars geskrywe; mense soos jy en ek.

Sondaars wat weet dat hulle al God se gebooie oortree het;

Sondaars wat besef dat hulle van nature geneigd is om God en hulle naaste te haat;

Sondaars wat onbekwaam is tot enige goed en geneigd is tot alle kwaad;

Sondaars wat al geleer het om te bid soos die tollenaar: “O God, wees my sondaar genadig!”

Wat wil hierdie artikel vir die sondaars, soos ek en jy, sê? Hy wil in die Naam van Jesus die vriendelike uitnodiging van die Meester bring: *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.* Soek u die rus, soek u vrede in die hart? Soek u troos? Soek u redding uit lewensomstandighede wat vir u te veel geword het? Soek u verlossing uit die sonde-nood? Soek u versoening met God? Soek u die lewe?

By Jesus is dit te vinde. Hy strek sy arms liefdevol uit na alle verlore seuns en dogters wat die Vader se goedheid versmaad en sy skatte met sondaars saam deurgebring het. Hy strek sy arms ook uit na u en na my en Hy sê: kom! Het u sy roepstem gehoor? Moenie uitstel nie.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en julle sal rus vind vir julle siele.